Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Oktober 2013



Lees binne...

- **Wat jy saai , sal jy oes** – 1
- **Bediening van die Doop deur steedsHervormers** – 3
- **Op pad na die 70ste AKV** – 4
- **Die Bybel in Afrikaans** – 6

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Wat jy saai, sal jy oes (Dr Daan van Wyk jr)
- Bl 2 **Van die redakteur, dr André Ungerer**
  Jou droom oor die oes bepaal jou saaiwerk
- Bl 3 **Aktuele sake**
  Bediening van die Doop in steedsHervormer-gemeentes –
  geldig of nie? (Dr André Ungerer)
- Bl 4 **70ste AKV**
  Op pad na die 70ste AKV
- Bl 5 **Kerkwerf**
  Twee predikante oorlede
  Erkenning aan Ou-Testamentikus
  Tydskrifpryse 2014
- Bl 6 **Bybelvertaling**
  Die Bybel in Afrikaans (Di Neels van Tonder en Wilhelm Steyn)
- Bl 7 **Gespreksforum**
  Hervorm dit wat skeefgetrek is (Tolla Strydom)
  Beroepe aanvaar
- Agterblad **Oordenking**
  Kerkhervorming – ’n kruispad in die woestyn (Ds Oppies Opperman)

****

Jou droom oor die oes bepaal jou saaiwerk

Dr André Ungerer, redakteur, skryf dat in die keuse van ’n gepaste foto vir die buiteblad van *Die Hervormer* ons ons gewoonlik laat lei deur die inhoud van die hoofartikel. Die hoofartikel in hierdie uitgawe deur dr Daan van Wyk (jr) dra die opskrif: *Wat jy saai, sal jy oes*. Met die opskrif waar dit gaan oor saai en oes kan jy byvoorbeeld die saaiproses uitbeeld deur die Bybelse beeld van die saaier en sy saaisak uit te beeld. Of jy kan die oes op ’n baie visuele manier uitbeeld. ’n Mens sou ook die negatiewe kon uitwys deur ’n land vol onkruid uit te beeld. Daar was inderdaad soveel gebeure die afgelope tyd wat hierdie sinisme kan aanblaas, maar dit is negatief. Die keuse het op die ryp oes op die lande geval. Die saaiproses is hierby inbegrepe, want daarsonder sal geen oes moontlik wees nie. Die volryp goue koring en die pragtige pers laventel is ’n lus vir die oog en tekenend van ’n malse oes.

Die Oktober-uitgawe van *Die Hervormer* is tydens die Algemene Kerkvergadering beskikbaar gestel aan al die afgevaardigdes. Baie gemeentes het die Oktober-uitgawe ten tye van die AKV ontvang. Die fokus is dus grootliks op die vergadering, en daarom dat die beeld van die belowende oes ook iets wil kommunikeer van ’n positiewe verwagting ten opsigte van die vergadering. Die verwagting is dat ons gelowige afhanklike besinning oor die toekoms van die Kerk, goeie saad sal wees wat op vrugbare grond val. Dat hierdie saad sal ontkiem en dat dit dertig-, sestig- en honderdvoudig vrug sal dra (Mark 4: 8). Dit dra ook ander gebruiksmoontlikhede soos dié van die oes wat wit op die lande staan en die arbeiders wat min is.

****

Wat jy saai, sal jy oes

Dr Daan van Wyk (jr) skryf dat ons dikwels daarop roem dat ons die mees gevorderde en ontwikkelde geslag mense is. Tog lyk dit soms asof ons geslag en samelewing net meer en meer in chaos en ontreddering verval. Hoe meer kennis daar kom, hoe meer verward is mense. Hoe harder mense werk, hoe meer brand hulle hulself uit. Hoe beter die opvoeding van ons kinders, hoe minder kan hulle lees en skryf. Hoe beter die inligting en kommunikasie, hoe kleiner die wêreld en hoe eensamer die mense. Hoe beter die wetgewing, hoe makliker om dit te verbreek. Hoe groter die verantwoordelikhede van die owerhede en wetstoepassers, hoe meer korrup word hulle. Hoe meer mense hulself probeer beveilig, hoe meer onveilig voel hulle. Hoe meer gevorderd die mensdom, hoe groter die ontreddering.

Ook die Kerk spring dié chaos nie vry nie. Hoe meer die Kerk in opdrag van God orde probeer handhaaf, hoe groter

die wanorde. Midde-in hierdie chaotiese tyd waarin kerk en wêreld verkeer, moet ons rekening hou met die Bybelse versekering dat wat ons as gelowiges saai, sal ons oes. As ons in die Hervormde Kerk aanhou daarmee om ons nie neer te lê by beslissings van vergaderings nie, is totale wanorde en chaos ons voorland. Hoe meer ons aanhou om medegelowiges te etiketteer, sleg te sê, weg te dryf, oor hulle te skinder, hoe minder moet ons verbaas wees as ons al meer bitter en wrange vrugte van verdeeldheid en vyandskap en verbittering oes. Hoe meer ons in 'n tyd van seer en pyn aanhou om kontensieuse sake op die spits te dryf, hoe minder gaan daar goeie vrug van genesing en herstel wees. Hoe meer ons self daarop roem dat ons en ons alleen oor die waarheid van die evangelie beskik, hoe meer gaan daardie arrogante gesindheid wrange vrugte van verwerping en teleurstelling dra.

Die Hervormde Kerk is nie een van ons se kerk nie. Dit is Christus se kerk. Niemand het die alleenreg op die evangelie nie. Niemand het die reg om die Kerk te dreig dat hulle sal loop as besluite hulle nie pas nie. Ons staan almal in nederigheid, diep afhanklik en wagtend op God en sy reddende genade. Terselfdertyd hét God elkeen van ons geroep en wíl Hy elkeen van ons vandag nog is sy diens gebruik. Die een is nie belangriker as die ander nie. Die een heers ook nie oor die ander nie. Ons manipuleer en organiseer ook nie om ons eie wil te laat seëvier nie. Mag ons genade ontvang om op die akker van die Gees te saai, sodat ons die vrug van die Gees in die 70ste AKV en in die Hervormde Kerk kan oes.

****

Bediening van die Doop in steedsHervormer-gemeentes – geldig of nie?

Dr André Ungerer berig dat die Kommissie van die AKV onlangs uitsluitsel moes gee oor 'n belangrike kwessie aangaande die bediening van die Doop deur 'n voormalige predikant wat uit die amp onthef is. Die kwessie het onder die Kommissie se aandag gekom toe ouers wat hul kind laat doop het deur die voormalige predikant (in 'n gemeente wat van die NHKA afgeskei het), navrae gedoen het oor die geldigheid van dié doop. Moet dié kind weer gedoop, oor gedoop of herdoop word?

Die Kommissie het advies ingewin, en nadat hulle nie konsensus oor die aangeleentheid kon bereik nie, is besluit om die saak na die 70ste AKV te verwys vir besluitneming. Die twee standpunte is *die kind is nie gedoop nie* en *die kind is wel gedoop.*

****

Die Bybel in Afrikaans

Di Neels van Tonder en Wilhelm Steyn vertel dat een van die 80-jarige herdenkingsvieringe van die verskyning van die Bybel in Afrikaans vanjaar op 25 Augustus in die Voortrekkermonument plaasgevind het met 'n gedenkdiens wat deur die FAK gereël is. By dié geleentheid is die aandag veral gevestig op die invloed wat die Afrikaanse Bybel op die standaardisering en groei van Afrikaans as taal op verskillende vlakke in Suid-Afrika gehad het.

Die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap, en later die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA), het sedert 1820 onskatbare diens gelewer met betrekking tot vertaling en die beskikbaarheid van bekostigbare Bybels in alle tale van die land. Vandag is die Afrikaanse Bybel nie net beskikbaar as 'n gedrukte boek in verskillende groottes en bindstyle nie, maar kan dit ook op selfone afgelaai word en op die internet gelees word. Dit is ook beskikbaar in braille, in klankformaat (MP3's) en as e-Bybels.

Die proses waarvolgens die Bybel vertaal word, het die afgelope aantal dekades baie verander. Tans is daar 'n projek aan die gang om 'n direkte vertaling van die Bybel in Afrikaans te maak. 'n Span van sowat 140 vertalers wat nie net teoloë insluit nie maar ook ander kundiges van die brontale en Afrikaans, werk daaraan. (Lees meer daaroor by **www.bybeldirektevertaling.co.za**.) Die Bybelgenootskap doen nie self vertaling nie, maar verskaf die infrastruktuur en koördineer sodanige projekte.

Met die voltooiing van die Ndebele vertaling onder leiding van prof APB Breytenbach is die Bybel sedert 2012 in al 11 amptelike tale van Suid-Afrika beskikbaar.

****

Ander berigte

Daar is ook berigte oor twee van die Kerk se emerituspredikante wat onlangs oorlede is, naamlik **prof (hc) Kálmán Papp en ds Japie Jacobs**, asook die erkenning wat **prof Pieter Venter** van die Fakulteit Teologie aan UP en die *HTS Teologiese Studies* ontvang het vir sy bydrae die afgelope 30 jaar tot die Ou-Testamentiese Wetenskap.

Ds Oppies Opperman se oordenking vanuit die oorloggeteisterde Afganistan spreek die versugting uit dat die kruispad in die woestyn wat ons Kerk tans beleef, uiteindelik ’n Kruispad mag wees tot eer van God.